Wie is SA Stamboek?

SA Stamboek is 'n vereniging van telersgenootskappe in Suid-Afrika — 63 telersgenootskappe, verteenwoordigend van alle spesies, is lede van SA Stamboek.

SA Stamboek is 'n Registrerende Owerheid wat amptelik in terme van Klousule 7 van die Wet op Diereverbetering, 1998 (Wet 62 van 1998) geregistreer is.

SA Stamboek is die Stoettelers se organisasie en word deur 'n Uitvoerende Raad en 'n Hoofbestuurder bestuur. Elke Telersgenootskap het pro rata, volgens ledetal, sitting op die Algemene Jaarvergadering. Hier word die Uitvoerende Raad, bestaande uit sewe stoettelers, deur die Genootskapsverteenwoordigers aangewys.

SA Stamboek lewer opwindende en baie belangrike dienste en funksies aan deelnemers

SA Stamboek lewer werklike waarde-vir-geld-dienste en -funksies wat telers bemagtig om met dié inligting 'n uitnemende stoet te teel en te bestuur. Nog beter nuus is dat die meeste van die dienste reeds by die per kapitafooi wat telers per jaar aan SA Stamboek betaal, ingesluit is. Daar is dus geen verskuilde kostes nie.

Die dienste en funksies wat SA Stamboek aan hul deelnemers bied, kan soos volg uiteengesit word:

- Die aantekening van geboortes en eienaarskap volgens ICAR-(International Committee for Animal Recording) standaarde. ICAR het tydens 'n onlangse ondersoek aangedui dat hulle baie beïndruk is met SA Stamboek se stelsels, metodes en kundigheid is.
- Die ontvangs van SA Stoetteler is gratis. Hierdie professionele tydskrif is van hoogstaande gehalte en bied aan die leser aktuele artikels, geskryf deur professionele kundiges wat 'n wye veld van onderwerpe oor teling, voeding, produksiemeting, ekonomie, dieresiektes en bestuur dek.
- Drie- en vyf-generasie stambome met volledige LNR-Prestasietoetsdata en BLUP-teeltwaardes vir alle getoetste diere.

SA STAMBOEK lewer essensiële dienste aan die teler

- Die aantekening van oordragte, kansellasies en inspeksie-uitslae.
- In samewerking met die LNR word 'n Internet-navraagdiens, Logix, deur die Intergis aan telersgenootskappe en telers gebied. Logix bied 'n 24-uur toegang tot 'n teler se volledige kuddedata soos wat dit op daardie tydstip op die Intergis databasis is.

Logix gee aan gebruikers toegang tot die volgende verslae en navraagmoontlikhede:

- 'n Dier se Eienaarskapgeskiedenis.

- Volledige Registrasie-inligting van 'n dier, met oordragte en eienaars waar van toepassing.

- Volledige Prestasie-inligting per dier.

- Koeinageslagopsommings (of: nageslagopsommings van koei).

- Kraalkaart met 'n reeks toepaslike inligting van die koei en haar nageslag vir praktiese gebruik.

- Drie- en vyf-generasie stambome. Die drie-generasie stamboom verskaf ook volledige LNR-prestasietoetsdata en BLUP-teeltwaardes.

- Per kapitalys wat alle lewendige diere op 'n gegewe tydstip in 'n kudde, aandui.

- Inspeksielys wat alle nie-geïnspekteerde diere in 'n kudde aandui, vanaf 'n sekere ouderdom, soos deur die teler gespesifiseer.

- Veilingskatalogusse — algemene formaat of rasspesifieke formate. Hierdie katalogusse gee volledige besonderhede van prestasie- en reproduksiedata van die dier en sy ouers teen 'n nominale fooi.

- Vrye keuse navraagprogram.

- Die opsie om geboorte- en prestasietoetsdata elektronies in te stuur.

Logix is 'n unieke hulpmiddel – enig in sy soort en is op die Stamboek webblad beskikbaar (www.studbook.co.za). Nuwe toevoegings word voortdurend gemaak.

- Gratis advies en hulp aan Telersgenootskappe met die instandhouding van hul Grondwette.
- Hulpverlening aan telers en Telersgenootskappe met teeltbeleid en kuddeverbetering deur 'n span goed opgeleide Veekundiges.
- Stamboek se Vakkundige Dienste Afdeling het die kapasiteit en vermoë om genetiese verwerkings en evaluasies te doen wat die teler of Telersgenootskap help om die registrasie- en eienaarskapdata van hul diere meer doelgerig en ter verbetering van hul kuddes se genetiese potensiaal te gebruik .

Opsommend is die volgende dienste in hierdie verband beskikbaar:

Wyse waarop beskikbaar	Vir die gebruik op Ras-vlak	Kudde-vlak
Logix	Vergelykende statistiek	Vergelykende statistiek
	Oorskryding van reproduksie-norme	Oorskryding van reproduksienorme
	Opsommende reproduksiestatistiek	
		Kuddestatusverslag
		Reproduksiestatusverslag
		Detail reproduksieverslag
	(Bul) nageslagopsomming (van bul)	(Bul) nageslagopsomming (van bul)
		(Koei) nageslagopsomming (van koei)
Op aanvraag	Inteeltanalise	Inteeltanalise
	Verwantskapontleding	Verwantskapontleding
		Toetsparings
	Erosiepatrone van kalweroeste	Erosiepatrone van kalweroeste
	Ontleding van geboortegegewens	Ontleding van geboortegegewens
	Teeltstruktuuranalise	

Al hierdie inligting is ook op aanvraag in papierformaat aan telers beskikbaar wat nie Internettoegang het nie.

- Telers en Telersgenootskappe word genooi om Stamboek vir enige versoeke vir verwerkings en verslae te nader wat kan help om teeltdoelwitte te bereik. 'n Span kundige programmeerders is beskikbaar om versoeke gratis inhuis te programmeer.
- Die SA Stamboek webblad (www.studbook.co.za), bied aan deelnemers intydse inligting oor SA Stamboek self, maar ook oor al die Genootskappe en telers wat van die beskikbare dienste gebruik maak. Die diens bied ontwerp- en instandhoudingsopsies aan gebruikers en word van oor die hele wêreld besoek.
- Die moderne, ruim Raadsaal in die SA Stamboekgebou in Bloemfontein is gratis tot die beskikking van Genootskappe vir die hou van vergaderings.

Waarom SA Stamboek?

- Alle sertifikate en verslae wat SA Stamboek genereer, geniet Internasionale erkenning.
- Dienste wat deur SA Stamboek gelewer word, word op Suid-Afrikaanse saamgestelde stelsels en sagteware en deur hoogs opgeleide Suid-Afrikaanse Veekundiges en Inligtingstegnologiepersoneel daargestel.
- SA Stamboek is pas aanvaar as lid van die "Trots Suid-Afrikaans" veldtog.
- Alle transaksies word volgens die voorskrifte en minimum rasstandaarde, soos in die onderskeie Telersgenootskappe se grondwette vervat, uitgevoer .
- Stamboek tree as spreekbuis van die stoetbedryf op Nasionale Produsente-organisasies, navorsingskomitees, en verskeie Departementele komitees en forums op.
- SA Stamboek se personeel het dit ten doel om op die mees koste-effektiewe manier, uitmuntende professionele diens aan die stoetbedryf te lewer.

Kontak ons

Die Hoofbestuurder nooi telers om enige tyd te skakel indien addisionele dienste verlang word of indien u voorstelle het oor hoe ons die diens aan telers nog verder kan verbeter.

Ons kontaknommers is:

Telefoon - 051 448 9347

Faks - 051 4473964

E-pos - info@studbook.co.za

Telers word ook uitgenooi om ons in die SA Stamboek gebou in Henrystraat 118, Bloemfontein te besoek , 'n bate wat aan die Stamboeklede behoort.